

**Augustus: God troos sy kinders deur sy almag**

**Woensdag 28 Augustus**

**Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 6:14-18**

**Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 6:14**

**Eksklusiewe heiligheid van die gemeenskap van die gelowiges**

Die mens is nie geskep om alleen te wees nie. Van die vroegste tye af het die mens al besef dat hy meer kan regkry wanneer hy saam met ander mense werk. En daarby weet ons dat wanneer hierdie samewerkingsooreenkomste formeel gedokumenteer en wetlik vasgemaak is, is dit beter vir albei partye.

Die eerste voorbeeld hiervan word deur die Here self aan ons gegee in die vorm van die huwelik tussen man en vrou. Maar verder gaan die gemiddelde mens in sy lewe ook baie ander samewerkingsooreenkomste aan, party formeel ander informeel. 'n Mens kan sê dat die mens as 't ware soos osse saam met ander mense ingespan word om sekere doelwitte te bereik.

En dit is nou hier waar die waarskuwing van Paulus so duidelik word in ons teksgedeelte. Hoe kies ek hierdie jukke waaronder ek ingespan gaan word? Wat is uiteindelik vir my die bepalende faktor van my gejuktheid? En dan antwoord Paulus hierdie vraag met die opdrag dat my medegejunkte heilig moet wees. Met ander woorde hy/sy moet 'n gelowige Christen wees, want watter gemeenskap het die lig met die duister?

Vra ek en jy nog na die geloofsoortuigings van persone waarmee ons kies om mee saam te werk? Of voel ons dat kerk, besigheid en ontspanning vandag niks met mekaar te doen het nie? Tog wil die Here vandag nog vir ons 'n Heilige Vader wees, met heilige kinders. Kom ons hou ons vennootskappe in hierdie lewe eksklusief, heilig en tot eer en verheerliking van God alleen.

*Sing: Psalm 2-1:1, 6*

*Ds. FR (Franscois) Pretorius (Phalaborwa)*